




AGTER DIE HEKELGORDYN

Sien die wêreld deur 'n nuwe gordyn! Hier is 'n filetgordyn om jou huis mee op te kikker. Saamgestel deur Anita Fourie

AFKORTINGS

beg - begin
blk(s) - blokkie(s)
dia - diagram
gs - glipsteek
hlb - halflangbeen
herh - herhaal
ks - kettingsteek
lb - langbeen
slgs - sluitglipsteek
(aan einde van 'n rondte, in 1e st van dieselfde rondte)
sp(s) - spasie(s)
st(e) - steek(steke)
vermeer - vermeerder
vlg - volgende

Mate

80 x 78 cm. Die gordyn kan groter of kleiner gemaak word deur meer of minder rye filetpasies bo en onder die mandjie, en meer of minder filetpasies aan weerskante, by te hekel of weg te laat.

Benodigdhede

Katoenhekelgare nr. 8 (50 g bolle), sowat 20 bolle en hekelpen van 1,00 mm

Algemene aanwysings

SPASIE: 1lb om te begin; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi, herh soos benodig.

BLOKKIE: 1lb om te begin; *1lb in elk van vlg 2ste, 1lb in vlg st om blk te voltooi.

Aanwysings

Die gordyn word aan 'n syrand begin en dwars gehekel. Begin met 378 ks, draai.

1e ry: 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elke ks tot einde, draai - 125 blks.

2e ry: 1sp bokant elke

blk, maar vermeer met 2 blks aan einde van ry.
3e ry: Vermeer 2 blks aan beg van ry, 2sps, 125 blks tot einde. Kyk op dia en hekel daarvolgens tot laaste ry voltooi is. Knip werkdraad af.

Rosies

Indien verlang, kan klein

roosmotiewe op gordyn vasgewerk word in posisies wat met 'n 'X' aangedui is op dia.

Roosmotief: beg met 6ks, slgs om 'n ring te vorm.

1e rondte: 3ks vir 1e lb, (2ks, 1lb in ring) 5 keer, 2ks, slgs - ses 2ks-sps.

2e rondte: (1kb, 2lb, 1kb) in elke 2ks-sp, slgs.

3e rondte: 1kb rondom 1e lb van 1e rondte, 3ks, herh rondom, slgs.

4e rondte: (1kb, 1hlb, 2lb, 1hlb, 1kb) in elke 3ks-sp rondom, slgs.

Knip werkdraad af. Maak soveel blommetjies as wat benodig word.

Afwerking:

Werk hekelrosies vas soos aangedui op diagram.

Gordynbuis: Vou borand van gordyn by stippellyn na agterkant om en hekel of werk met naald en gare vas.

